



# VERBLIND DEUR VOOROORDEEL

—deur Peter Hammond

In die onlangse Amerikaanse presidensiële verkiesing (en in die vorige Brexit-stem in Engeland), het ons gesien hóé verkeerd die mediakenners kan wees. 'n Nuwe woord is by die Engelse woordeskat gevoeg: 'presstitutes'.

Daar word nou beweer dat die massa-media 'n prostitoot van joernalistiek gemaak het deur so partydig te wees en die propaganda van Clinton en Obama se sekulêr-humanistiese globale agenda te bevorder – in plaas daarvan om oor die nuus te berig. Die meeste sogenaamde nuusberigte, in die gedrukte media sowel as op televisie, skyn bevooroordeelde standpunte te wees, eerder as onpartydig nuus.

## Blootgestel

Nou is die massamedia, CNN, BBC, CBS, NBC, *Time Magazine*, en *The New York Times* blootgelê vir die dwase, huigelaars, en bedrieërs wat hulle is – verblind deur hulle eie vooroordeel.

Daar is diegene wat na CNN verwys as die Clinton News Network, BBC as die Biased Broadcasting Corporation, *Newsweek* (wat aanmatigend 'n voorblad gepubliseer het met 'n stralende Hillary Clinton en die titel, 'Madam President – Hillary's Path to the Whitehouse) is al *Newspeak* genoem (met verwysing na George Orwell se klassieke boek, 1984, en die voorspelling van gedagtepolisiëring en newspeak).

## Teen alle verwagtinge in

Ten spyte van al die mediavooroordeel en haatveldtogte teen Donald Trump; sowel as al die negatiewe voorspellings en bedrieglike meningspeilings, het 'n buitestaander, met 'n anti-establishment-veldtog, teen alle verwagtinge in die Amerikaanse presidensiële verkiesing gewen.

## Soortgelyk aan die val van die Berlynse Muur

Op die 27ste herdenking van die val van die Berlynse Muur (9 November 1989), het 'n 'grondverskuiwing' oorkant die Atlantiese Oseaan die

**“Ná Brexit en hierdie verkiesing, is enigiets nou moontlik...”**

wêreld verbyster. Die Franse ambassadeur van Amerika, Gerard Araud, het verklaar: “Ná Brexit en hierdie verkiesing, is enigiets nou moontlik...”

## Opkoms van weerstand

Die Nederlandse parlamentslid, Geert Wilders, het die volgende te sê gehad: “Daardie nasies se burgers is besig om hulle land terug te neem. En ons sal ook!” Nasionalistiese bewegings in Frankryk, Pole, Nederland, Hongarye, Denemarke, en Swede is aangespoor deur die oorwinning van Brittanje

se Brexit-stem en nou ook deur die nuus van die verrassende oorwinning vir Trump in Amerika. Die Nuwe Wêreld Orde en sy globalistiese agenda het die afgelope jaar ernstige terugslae gely. Met Brexit en die hoë hof van Oostenryk se bevinding dat daar weer verkiesings gehou moet word in die land (nadat bedrog met die posstemma die nasionalistiese presidensiële kandidaat naelskraap laat verloor het), is weerstand aan die toeneem.

## Hoop vir vrede

In die Russiese parlement is die nuus van Trump se verrassende oorwinning met applous begroet. Die Russiese president, Vladimir Poetin, het gesê: “Rusland is gereed en wil graag volwaardige verhoudinge met Amerika herstel.” In Sirië is Amerika byvoorbeeld tans 'n bondgenoot van Saoedi-Arabië en Turkye wat van Amerikaanse lugaanvalle en grondmagte gebruik maak in die stryd teen Bashar al-Assad se Siriese regering.

Dit blyk dat Trump waarskynlik 'n alliansie met Rusland sal aangaan om ISIS-terreur te bevog. Die Russiese president het gesê hy sien uit na Amerika se steun in die stryd teen Islamitiese terrorisme in plaas daarvan dat hulle terrorisme in die Midde-Ooste befonds en ondersteun. ■

**DR. PETER HAMMOND** is 'n sendeling, Bybel-leraar, en outeur. Skakel: 021 689 4480; of besoek [www.frontline.org.za](http://www.frontline.org.za); [mission@frontline.org.za](mailto:mission@frontline.org.za)